*Sondag* 25 Januarie

Skrifgedeelte: Psalm 51; Johannes 6:37

Fokusgedeelte: Psalm 51:3, 6

## Kom met egte berou na die barmhartige God!

Droefheid en hartseer is nie vir ons onbekende ervarings nie – droefheid oor iemand wat dood is, oor 'n verbreekte verhouding, 'n mislukte eksamen.

Beleef ons egter ook droefheid oor ons sondes? Hoe hanteer ons dit as ons in sonde val? Gebeur daar in ons iets soos in Dawid, die magtige en beroemde koning van Israel, ná sy owerspel en moord? Maak ons sonde ons klein en nederig voor die grote en heilige God? Is ons binneste gebroke en verslae wanneer sonde ons in sy magsgreep kry? Is ons bedroef en hartseer oor ons opstandigheid teenoor die Here – ons keuses vir die duiwel en teen die lewende God? Is ons harte werklik stukkend wanneer ons die opdragte van die Here ignoreer?

Wanneer ons deur die geloof naby en intiem aan God lewe, vernuwe sy Heilige Gees ons van binne sodat ons eerlik na ons sondes kyk en dit met diepe droefheid teenoor ons Vader erken en bely. Dis wat Hy van ons vra. Die gevaar is dat ons gewoond raak aan ons sondes. Dit word bekende patrone wat ons later as deel van onsself sien. Of dalk nog erger – ons verwyt die Here wat ons dan so gemaak het met hierdie spesifieke oortredingsfoute. Die boodskap van Psalm 51 is dat ons Vader niemand afwys wat nederig en vol berou na Hom toe kom nie. Hy ontmoet elke berouvolle sondaar met genade, liefdevolle barmhartigheid en vergifnis op grond van Jesus Christus se versoeningsoffer.

Troosvol is die woorde van Jesus in Johannes 6:37: *"Ek sal hom wat na My toe kom, nooit verwerp nie."* Mag hierdie woorde jou vandag en elke dag van hierdie jaar vul met nederigheid, maar ook ware en diepe vreugde: Ons kan saam met ons barmhartige God vir ewig leef.

*Sing: Psalm 38-1:15, 17*

*Ds. SP (Sarel) Venter (Pietersburg)*